

Die Here maak Hom bekend as die Heilige (OP53)

Num 20:1-13

15 Augustus 2021

In Num 13-15 het ons gelees van die volk wat by Kades-Barnea in opstand gekom het en nie die beloofde land wou inneem nie. Die gevolg was dat die Here geoordeel het dat die eerste geslag wat uit Egipte getrek het in die woestyn sou uitsterf oor 'n periode van 40 jaar. In Num 16 het ons gelees van Korag, Datan en Abiram wat in opstand gekom het teen Aäron se gesag, maar dat die Here Aäron se posisie verdedig het. In Num 17-19 het ons gelees dat die Here vir die volk toegang tot die heiligdom bewerk deur die hoëpriester, en ook deur sekere reinigingshandelinge.

Nou kom ons by Num 20. Volgens vers 1 het die volk in die eerste maand in die Sinwoestyn aangekom en by Kades oorgebly. Hier word net van die eerste maand gepraat, hier is geen verwysing na watter jaar ons in gedagte moet hê nie. Maar as jy afbeweeg na vers 22-24 dan sien ons dat die volk van Kades af vertrek het na Horberg toe, en dat Aäron daar gesterf het. En in Num 33:38 word gesê dat Aäron op die eerste dag van die vyfde maand van die veertigste jaar na die uittog uit Egipte gesterf het. Dit blyk dus dat Num 20 afspeel in die veertigste jaar na die uittog. Behalwe die opstand van Korag, Datan en Abiram en sy gevolg weet ons bitter min van die gebeure deur die loop van 38 jaar wat die volk in die woestyn geswerf het. En nou is hulle weer by Kades – soos 38 jaar gelede. Dit is asof die Here die indruk wil skep in hierdie 38 jaar was daar nie veel vordering in die bekendmaking van Sy verlossing van die volk nie – alles moes wag dat die eerste geslag kon uitsterf.

Num 20 begin dan ook deur vir ons te vertel dat Mirjam nou gesterf het. Bietjie later in die hoofstuk sal ons lees van Aäron se dood, en nie te lank hierna nie sou Moses ook sterf. Ons is dus aan die einde van daardie periode waarin die eerste geslag sou sterf.

Gebeure by Kades (v2-13)

Vers 2-13 beskryf nou vir ons sekere gebeure by Kades in die veertigste jaar. Ons lees dat die volk rusie gemaak het met Moses en Aäron oor drinkwater (v2-3). Hulle bevraagteken opnuut weer hoekom Moses en Aäron hulle uit Egipte gebring het na die ellendige woestyn waar hulle niks kan verbou nie en waar daar nie drinkwater is nie (v4-5). Hulle spreek selfs die begeerte uit dat hulle ook eerder sou wou sterf soos die Here hulle volksgenote laat sterf het – dit is nogal skokkend siende dat hulle tog geweet het hulle is aan die einde van die 40 jaar periode, en dus opnuut weer by die punt waar hulle die beloofde land sou inneem.

Soos wat ons al telkemale vantevore gesien het, soek Moses en Aäron hulle leiding by die Here, en soos wat ons ook al telkemale vantevore gesien het, maak die Here Sy magtige teenwoordigheid sigbaar aan hulle (v6). Die opdrag van die Here is soos volg (v8): Moses moet Aäron se kiere neem, dan moet hy die volk bymekaar laat kom en moet hy met die rots praat, waarna daar water uit die rots sal kom vir die volk om te drink. Vers 9 maak dit nog duideliker watter kiere dit is wat Moses moes neem: dit is die kiere van Aäron wat in die tabernakel was (NAV), wat voor die aangesig van die Here was (OAV) – m.a.w. dit was daardie kiere van Aäron wat gebot het tydens die leierskapstryd in Num 17.

Vers 10 en 11 beskryf vir ons hoe Moses opgetree het. Hy het wel die kiere gevat en die volk by die rots bymekaar laat kom. Maar anders as wat die Here hom beveel het om met die rots te praat, praat Moses met die volk. Hy spreek die volk aan as die wat hulle teen die Here verset het (NAV) (wederstrewiges – OAV, rebels – NIV), en vra of hulle, bedoelende hy en Aäron, vir die volk water uit

die rots moet laat kom. Daarna, anders as wat die Here hom beveel het om met die rots te praat, slaan Moses die rots twee keer met die kerie. Alhoewel Moses nie presies gedoen het wat die Here hom beveel het nie, het daar tog baie water uit die rots gekom, met die gevolg dat die volk en hulle vee daarvan kon drink.

Vers 12 beskryf die reaksie van die Here op Moses se optrede. Die Here oordeel dat hulle nie die Here geglo het nie (OAV) en ook nie die Here voor die volk geheilig het nie (OAV) – ons sal moet besin oor wat dit beteken. En dan kondig die Here aan dat die gevolg hiervan is dat Moses en Aäron nie die volk in die beloofde land sal inlei nie. Vers 13 sluit die gedeelte af met die opmerking dat dit by Meriba gebeur het – dit word Meriba genoem omdat Meriba “rusie” beteken, wat natuurlik verwys na die rusie van die volk oor die gebrek aan water.

Tipiese toepassings uit Num 20:2-13

Een van die toepassings wat dikwels uit hierdie gedeelte gemaak word, is dat ons hier ‘n aanduiding het van hoe genadig die Here is. As ons in gedagte hou hoe dikwels die volk al in opstand was teen die Here sedert hulle uit Egipte vertrek het, en dat hulle nou 40 jaar later steeds in opstand kom, is dit bloot genade dat die Here steeds op ‘n wonderbaarlike manier vir hulle water gee. En ek dink dit is ‘n heeltemal geldige toepassing om te maak.

‘n Ander toepassing waarvoor ons moet besin, is die volgende: wat beteken die optrede van Moses en die reaksie van die Here op die feit dat hy nie presies gedoen het wat die Here voorgeskryf het nie, vir ons? Omtrent al die kommentare wat ek geraadpleeg het, lig uit dat Moses nie met die rots gepraat het, soos wat die Here hom beveel het om te doen nie, maar dat hy die rots geslaan het. Sommige beskryf hierdie optrede van Moses as “complacent” of nalatig. Sommige verwys na die feit dat Moses na al die jare van opstand deur die volk, nou genoeg gehad het hiervan en dat hy geïrriteerd was hierdeur, dat hy kwaad geword het. Dit sou dan die rede wees waarom Moses eerder met die volk gepraat het as met die rots, en verduidelik ook hoekom Moses die volk so kras aanspreek as “wederstrewiges” of “rebelle”. Ek dink dat dit heelwaarskynlik die geval kon wees. Sommige kommentare redeneer dat Moses teleurgesteld was dat die Here nie ferm opgetree het teen die volk en wraak geneem het op hulle oor hulle soveelste opstand nie, en toe maar besluit het om dit self te doen.

Daar word ook dikwels geredeneer dat hier ‘n ernstige waarskuwing is aan leiers binne die kerk. Leiers moet noukeurig let op wat die Here van hulle verwag en dit nougeset uitvoer. Indien hulle dit nie doen nie, kan die Here hulle leierskapsrol van hulle wegneem, soos wat die Here hier met Moses en Aäron gedoen het. En natuurlik leer die Nuwe Testament iets soortgelyks. Dink maar aan 1 Kor 3:10 ev waar Paulus waarsku dat diegene wat bou op dieselfde fondament moet bou wat die apostels gelê het, en daardie fondament is natuurlik Christus. Die Nuwe Testament leer boonop dat leermeesters strenger geoordeel gaan word (Jak 3:1).

Ek is egter ook oortuig dat daar steeds meer in hierdie gebeure lê – en dit is nie my persoonlike insig nie – daar is kommentare en predikers wat dit ook uitwys. Om maar net een persoon te noem: Nico van der Walt interpreteer dit ook so. Kom ons kyk hierna.

Vergelyking met die gebeure by Refidim – Eks 17:1-7

In Num 20:13 het ons gelees dat hierdie gebeure by Meriba plaasgevind het – ja, dit het by Kades gebeur, maar a.g.v. die rusie van die volk is die plek ook Meriba genoem. Maar ons het al vantevore van iets soortgelyk gehoor: In Eks 17:1-7 lees ons van die volk wat op daardie stadium op pad was tussen die Rooi See en Sinai, en toe het hulle by Refidim gekom. Volgens Eks 17:7 is die plek ook

Meriba genoem. En uit die detail in hierdie gedeelte is dit duidelik dat die situasie by Refidim baie dieselfde was as die situasie by Kades, 40 jaar later. In albei gevalle maak die volk rusie met Moses. In albei gevalle kla hulle oor hulle gebrek aan water. In albei gevalle gee die Here aan Moses opdragte oor wat hy moes doen. In albei gevalle is daar spesifieke verwysing na 'n kerie wat Moses moes gebruik. En in albei gevalle gee die Here op 'n wonderbaarlike manier water uit 'n rots aan die volk om van te drink. In albei gevalle word die plek Meriba genoem.

En tog is daar ook beduidende verskille tussen die twee gevalle. En dit is hierdie verskille wat ons kan help om die betekenis van hierdie gebeure beter te verstaan. Kan ek 'n aantal verskille uitlig:

- In Eks 17 is dit die eerste geslag wat uit Egipte verlos is, wat kla. In Num 20 is dit die tweede geslag wat kla.
- In Eks 17 moes Moses sy eie kerie gebruik – dit is die kerie waarmee hy op die water van die Nyl geslaan het (v5), en dit het in bloed verander. Dit was ook die kerie waarmee hy op die Rooi See geslaan het met die gevolg dat die see oopgeklou is, sodat die volk op droë grond kon deurtrek, maar die Egiptenare het verdrink toe die see weer toegegaan het. In Num 20 moes Moses Aäron se kerie gebruik het – dit is die kerie wat gebot het en botsels, bloeisels en vrugte gedra het.
- In Eks 17 moes Moses met die kerie teen die rots geslaan het, terwyl die Here op die rots gestaan het (v6). In Num 20 moes Moses met die rots gepraat het.

Verder is daar ook twee Nuwe Testamentiese gedeeltes wat ons in gedagte moet hou as ons die gedeeltes behoorlik wil interpreteer:

- 1 Kor 10:2-4 – hier word duidelik verwys na hierdie insidente waar water uit die rots vir die volk gegee is. En dan lees ons hier spesifiek dat die rots 'n simbool was van Christus.
- Joh 7:37-39 – Hier sê Jesus dat as iemand dors het moet so 'n persoon na Hom toe kom. Hy sal sy dors les met strome van lewende water – en daardie strome water verwys juis na die werk van die Heilige Gees. Ons weet Jesus het geleer dat Hy die Vader sal vra om die Heilige Gees te stuur – ons sou dus kon sê die Heilige Gees gaan van Hom uit – soos wat die strome water (dit is die Heilige Gees) uit die rots (dit is Jesus) gevloei het in Eks 17 en Num 20.

Interpretasie van Eks 17:1-7

In Eks 17 kla die volk oor die gebrek aan water. Hulle bevraagteken die feit of die Here werklik vir hulle sorg, volgens Eks 17:7 bevraagteken hulle of die Here werklik in hulle midde is. Teen hierdie tyd behoort dit egter reeds baie duidelik te gewees het dat die Here wel vir hulle sorg en in hulle midde is – dit is immers hoe hulle 'n groot volk geword het, dit is hoe hulle verlos is uit Egipte deur die 10 plae en op die ou end deur die Rooi See heen, dit is hoe hulle in Eks 16 manna ontvang het om te eet. Dit is dus verstommend dat die volk die vraag vra. Wat die volk effektiewelik doen, is om die Here in die beskuldigde bank te plaas, en gevolglik moet daar nou uitsluitel gegee word d.m.v. 'n hofsitting: Die Here is in die beskuldigde bank oor of Hy werklik in hulle midde is. Moses moet as regter optree. Hoe weet ons Moses moet as regter optree? Want hy moes juis die kerie saambring waarmee hy op die Nyl en op die Rooi See geslaan het. Altwee hierdie insidente was insidente van oordeel – God se oordeel oor die Egiptenare. Die kerie was die instrument waardeur die oordeel gebring is. Wie sou ons verwag moes getref word deur die oordeel wat Moses deur die kerie moes bring? Tog sekerlik die volk – hulle is tog die party wat verkeerd opgetree het deur die Here te bevraagteken. Maar dit is nie wat gebeur nie: Die Here sê vir Moses hy moet met die kerie die rots slaan. En as Moses dit doen, dan vloei daar water uit wat die volk kan drink.

Onthou nou waar is die Here as Moses die rots slaan – op die rots (v6). Onthou wie is die rots – dit is Christus (1 Kor 10:4). Onthou wie is die water – dit is die Heilige Gees (Joh 7:37-39). I.p.v. dat die oordeel die volk tref, tref die oordeel Jesus. Die Here staan op die rots, Hy het beveel dat Moses dit moet doen – duidelik is die feit dat die oordeel Jesus tref en nie die volk nie, in lyn met die Vader se wil. Die hou waarmee die rots getref word, wys dus na Jesus se volmaakte offer waar Hy die oordeel van God gedra het in die plek van die volk. Die gevolg van die hou op die rots is dat daar strome water uitkom vir die volk. Die gevolg van Jesus se eenmalige offer is dat Hy die Heilige Gees stuur om die dors in die harte van gelowiges te werk en te les – om hulle laat te drink van die lewende water wat werklik dors les, dan is daar vir hulle werklik lewe, ewige lewe.

Die volk het die vraag gevra is die Here werklik in ons midde, sorg Hy werklik vir ons? En die uitslag is dat Hy nie net in hulle midde is nie, Hy laat Jesus in hulle plek die oordeel dra vir die feit dat hulle die Here bevraagteken het, en boonop gee Hy vir hulle water wat nie net fisiese lewe gee nie, maar ewige lewe deur die werk van die Heilige Gees.

Let ook op: Jesus is nie net die rots wat die straf dra nie, Hy is ook die Regter wat gaan kom om te oordeel. In hierdie insident wys die rots na Jesus, en Moses wys ook na Jesus. Soos Moses die een is met die gesag wat kan oordeel, is Jesus die Koning aan wie alle mag gegee is, en wat ook gaan oordeel.

Dit is wat uitgebeeld word in Eks 17.

Interpretasie van Num 20:2-13

Nou is dit 40 jaar later. En as mens in Eks 17 reeds verwag het dat die eerste geslag tog moes verstaan het dat die Here wel vir hulle sorg, so sou mens hier dit nog meer verwag het van die tweede geslag. Maar die klag van die volk is steeds dieselfde – hulle soek water. Weereens gee die Here die opdrag aan Moses om 'n kerie te neem – maar hierdie keer is dit 'n ander kerie, hierdie keer is dit Aäron se kerie wat gebot het. Onthou wat die Here se boodskap was deur die bottende kerie van Aäron: daar is lewe beskikbaar deur die werk van die hoëpriester, selfs voortdurende, ewige lewe. Onthou ons het toe ons hierna gekyk het, gesien dat dit natuurlik na Jesus wys as die ware Hoëpriester. As Moses in Eks 17 optree met sy eie kerie waardeur oordeel gekom het, was hy 'n heenwysing na Jesus as Koning en Regter. Maar hier in Num 20 moet hy optree met 'n Aäron se kerie wat bot – Moses is dus hier 'n heenwysing na Jesus as Hoëpriester.

Boonop sê die Here nie vir Moses hy moet die rots slaan soos in Eks 17 nie, nee hy moet met die rots praat. Hoekom nie? Want hy het reeds in Eks 17 die rots geslaan. Jesus se offer was eenmalig en volmaak (Heb 9:28). Die rots hoef net eenkeer geslaan te word. Siende dat die rots reeds geslaan is, is al wat nodig is, is om te praat, is om te vra. Hoe kan ons toegang kry tot die lewende water? Deur net te vra. Hoe vra ons? Ons vra deur Moses met Aäron se kerie – ons vra deur die afgehandelde werk van die ware Hoëpriester wat vir ons intree by die Vader. En dan gee Hy aan ons lewe deurdat die Heilige Gees in ons werk. Kan ek jou herinner aan Luk 11:13: “As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee – die Vader in die hemel nog baie meer! Hy sal die Heilige Gees gee vir die wat vra.”

Num 20 bou dus op Eks 17. Dit is hoe die Bybel werk – hoe verder jy lees hoe duideliker word God se verlossingsplan. En die Nuwe Testament bou weer op Eks 17 en Num 20.

Maar nou is daar nog 'n saak waaroor ons moet dink in Num 20: Moses het nie presies gedoen wat die Here hom beveel het om te doen nie, en die gevolg daarvan was dat die Here aangekondig het dat hy nie die volk in die beloofde land sal inlei nie, trouens hy sou ook sterf voor dan. Met die

eerste hoor van hierdie uitspraak van die Here is 'n mens geneig om te dink dat dit darem te erg is. Dink aan hoe getrou Moses die Here se saak onder die volk oor baie jare gedien het ten spyte van soveel verkeerde optredes deur die volk. Is dit regtig nodig dat die Here nou so streng optree teenoor Moses?

Kyk weer na wat de Here in vers 12 sê: "... julle het My nie geglo om My voor die kinders van Israel te heilig nie..." Dink nou aan Moses se optrede:

- Hy praat nie met die rots nie, nee, hy slaan die rots. Boonop slaan hy nie net eenkeer nie, hy slaan twee keer. Wat die Here wil kommunikeer is dat die rots alreeds in Eks 17 eenkeer geslaan is, en eenkeer is genoeg – waardeur die Here wil kommunikeer Jesus dra eenkeer en effektief die straf op die sonde. Maar Moses doen die beeld wat die Here wil gebruik, geweld aan – nie net deur die rots te slaan nie, maar deur dit selfs twee keer te slaan.
- Boonop praat hy nie met die rots nie – maar met die volk. Weereens doen hy afbreek aan die beeld wat die Here gebruik – dit verg water om dors te les, dit verg 'n werk van die Heilige Gees om werklik dors te les, nie veroordelende tirades nie.
- Moses vra ook: "Moet ons vir julle water uit die rots laat kom?" Dit is asof Moses redeneer hy weet wat om te doen – hy was al vantevore hier. Laaskeer het hy die rots eenkeer geslaan, maar nou is hy geïrriteerd en daarom slaan hy in sy irritasie die rots twee keer. Hy dink hy is in beheer.

Die Here is besig om 'n volgende aspek van Sy ontvouende verlossingsplan te demonstreer – maar Moses tree uit eie motivering op, herhaal wat hy laas gedoen het en verbeter daarop volgens eie oorwegings. Dit is hoekom die Here oordeel dat Moses se optrede nie daarvan getuig het dat hy die Here vertrou het en wou oordra wat die Here wou oordra nie. En die punt wat die Here wil oordra is dat Hy heilig is – daarom moet Sy volk ook heilig wees, daarom word die rots (dus Jesus) geslaan, daarom stuur Hy strome water (die Heilige Gees) – sodat hulle ook heilig kan wees. Die Here duld doodeenvoudig geen optrede wat Sy heiligheid skade aandoen nie. Selfs as Moses die een is wat dit aantast, dan tree die Here teen hom op. In die woorde van 1 Kor 3, moet almal wat besig is met bouwerk in die Here se koninkryk, versigtig wees dat hulle reg bou – hulle moet net bou op die fondament wat Jesus self is.

Geliefdes in die Here, ons het 'n volmaakte Verlosser – Hy is die ware Hoëpriester. Hy is ook die volmaakte offer, en daarom het Hy net eenmaal gesterf. Ons het deur Hom toegang tot die heiligdom en tot die Vader. Ons hoef Hom net te vra, en Hy sal strome lewende water vir ons gee deur Sy Heilige Gees. As ons daarvan drink, sal ons nooit weer dors kry nie. Ons mag ook selfs ander uitnoui om te deel hierin – maar dan moet ons hulle so leer dat dit duidelik is ons glo Hom, en dat ons Hom wil heilig voor hierdie mense.